

WEES LIG. LEEF LIG

Huisgeloof en Groeigroepmateriaal

Sondag 9 Februarie 2025
Tema: **Wys Rus**

Groepleier:
Hulp Groepleier:
Wie hanteer verjaarsdae:
Wie reël datum en plek van jul byeenkomste:
Wie is die kontak persoon met die Stuursel wat jul ondersteun:

OPENING

Hoor hoe dit met elkeen gaan.
(Maak asb seker dat die groepleier almal se naam, van en kontak inligting het.)

Dink bietjie terug aan Covid asook aan verleder jaar en deel kortliks met mekaar (twee-twee of drie-drie) wat was vir jou tydrowend, veeleisend of moeilik. (*Neem so 3-5 elk*)

Notas

Wat was vir jou besonders, spesiaal of lekker?

Notas

Sondag 9 Februarie 2025
Tema: **Wys Rus**

Ons teks vir hierdie reeks is Mat.11:28

MATTEUS 11:28-30

“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”
In die Boodskap / Message:
Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you’ll recover your life.
I’ll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won’t lay anything heavy or ill-fitting on you.
Keep company with me and you’ll learn to live freely and lightly.”

KOM ONS LEES

PSALMS 62

:2 Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.
:3 Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek vas en stewig staan.

Alle mense het rus nodig.
Jesus het ook nodig gehad om gereeld, volgens Sy gewoonte en voor Sy dagtake na ‘n eensame stil plek toe te gaan.
Daar waar geen onderbrekings Sy gesprek met Sy Vader kan onderbreek nie.

Dawid sê God is sy rots, sy veilige plek, veilige vesting waarheen hy kan gaan.

Sondag 9 Februarie 2025
Tema: **Wys Rus**

Deel met mekaar: Hoe kom jy agter dat jy rus nodig het.

Deel met mekaar: Hoe kom jy agter dat ander om jou rus nodig het.

Die wêreld laai swaar laste van skuldgevoelens, werk, oorlading op mense en slurp jou tyd op.
Jesus se verlossing maak ons vry van hierdie swaar juk en van die **gejaag na wind**. As ons Jesus se voorbeeld moet volg, moet ons ook baie meer tyd met God deurbring.
Deel met mekaar: Hoe beleef jy dat God jou veilige vesting is?

Waar is dit vir jou die lekkerste om tyd met God te spandeer?

Watter tyd werk vir jou die beste om tyd met God te spandeer?

Sondag 9 Februarie 2025
Tema: **Wys Rus**

VERDERE GESPREK

Daar is ’n korrelasie tussen **redding** (om lewe as iemand wat hul lewe aan God oorgegee het) en **vertroue** op God. Wanneer ons waarlik op God **vertrou**, ontdek ons wat dit beteken om **waarlik** te **rus** in Hom.

Ons het nou met mekaar gedeel wanneer ons weet ons rus nodig het en ook waar/wanneer ons tyd saam met God spandeer. Stem ons saam dat indien ons ware rus wil vind, ons dit slegs kan doen vanuit ‘n opregte verhouding met God?

Deel met mekaar hoe julle oor die vraagstuk voel en of ons dit werklik so kan ervaar in ons lewens.

Notas

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

Notas

Sondag 9 Februarie 2025
Tema: **Wys Rus**

MAAK VAS

Jesus nooi ons uit. Hy wil ons rus gee. Hy weet Sy juk is nie te swaar nie. Hy ken ons lewe, tyd en denke en Hy alleen kan rus en vrede gee wat ons verstand te bowe gaan. (Fil 4)

Gebed
Here dankie dat ons altyd by voete kan kom sit. Dat U ons lei na waters waar daar rus is.
Ons neem U uitnodiging vandag aan om na U toe te kom om rus te vind sodat ons U wil meer in volharding kan leef.

Amen